

Raisins
South Africa



Nuusbrief

Julie 2022

Inhoud

NAVORSING & ONTWIKKELING

1. Seisoen 2022 >

2. Kritiese aksies vir winter periode van wingerdstok >

3. Klimaat opgesom >

6. Langtermyn reënval- en temperatuurvooruitsigte >

10. Olifantsrivier Tegniese Inligtingsdag >

11. Rypdoek behandelingsproef >

13. Snoei van Wingerd >

16. SAPO Trust (SAPO) >

18. Plant SA Aktiwiteite met betrekking tot droogdruive >

19. Vrugtevlieg "hotspot" >

20. Vrugtevlieg skadebepalingsproef >

22. SAWWV inligtingsdag >

28. Gariep Watch kry nasionale erkenning vir sy werk op waterkwaliteit >

MARKTOEGANG, INTELLIGENSIE & ONTWIKKELING

29. Marlene Louw - ABSA >

31. Wesenlike verliese vir die Suid-Afrikaanse rosyne bedryf >

33. Finansiële hulp bekom vir rosyne produsente >

34. 'International Nut and Dried Fruit' kongres >

35. Internasionale veldtog suksesvol afgesluit >

37. INC ondersteun VK veldtog vir nog 'n jaar >

TRANSFORMASIE

38. Bekendstelling: Vine Academy & Model Farm >

41. National Agricultural Marketing Council Visits the Raisin Industry >

43. Womens Project Industry Tour >

44. Trade Forward Training >

46. Mandela dag 18 Julie 2022 >

ALGEMEEN

47. Agrihub >

48. Kalender - Augustus >

51. Kantoor Nuus >

GEBEURE

52. Turkye & Frankryk Toer 2022 >

54. Simposium 2022 >

Seisoen 2022

Deur: Stefan Jordaen

Die seisoen het na sy einde gekom met nat weersomstandighede, en toe kom val daar nog meer as een reën bui ook in die winter, soos 'n paar produsente dit ook beskryf as “nou kan ons ook die reënval waardeer” is dit beslis die geval aangesien die winter nattigheid nie die wingerd skade kan maak nie.

Inteendeel kan die meer lugvog dalk help om die strawwe droë koue (swartryp) te verhoed. Soos gesien word in die klimaatdata oor die afgelope tyd is die koue eenhede se opbouing ook goed en die negatiewe koue eenhede dae tussenin minder as die vorige seisoen.



In Johan van den Berg se mediumtermyn voorspelling kan gesien word dat die seisoen steeds die risiko dra van laat ryp, asook hoër reënval in die vroeë deel van die seisoen, dus sal goeie beplanning moet gedoen word om risiko's te bestuur, byvoorbeeld:

- Snoei so laat moontlik
- Moet nie blokke te droog laat raak tydens bot na blom tydperk nie
- Bestuur reeds vroeg in die komende seisoen die swambeheer program. Onthou dat baie van die swamme (donskimmel) oorwinter, dus kan die kleinste nat omstandighede reeds voor blom die risiko van dons skimmel verhoog in die trossone.

Grondvoorbereiding is ook aan die gang vir nuwe aanplantings en uithaal van ouer, minder produktiewe blokke.

Raisins SA se tegniese komitee hou binnekort 'n fokusgroepsessie om kern aksies en moontlike praktiese oplossings vir die bedryf te bespreek. Na die sessie sal die kernaksies gesirkuleer en kommunikeer word aan produsente.

Sien ook die voorlopige program vir Raisins SA se eerste simposium wat op 31 Augustus gehou word op bladsy 55.



Wees ook op die uitkyk vir Raisins SA se eerste simposium agenda wat gehou word op 31 Augustus.





Kritiese aksies vir winter periode van wingerdstok

Deur: Lucian Fredericks

Na oes is dit belangrik om die wingerd te ontsmet deur alle potensiële lokmiddels (bv. na trosse) wat vrugtevlieë en ander oorwinterende patogene kan huisves, te verwyder.

Alhoewel die wingerd nie aktief groei nie, is dit belangrik dat die grond nie te droog word nie (uitputting naby permanente verwelkpunt). 'n Studie deur Myburgh (2003) oor sultanina-wingerde het getoon dat oormatige droë grond tydens na-oes en rusperiode knopvrugbaarheid, trosmassa en opbrengs in die daaropvolgende seisoen verminder het.

Verder het die stokke onderhewig aan droë grondtoestande ook vertraagde botbreek getoon. Winterbesproeiing is ook nodig vir die winterdekgewas.


Om te vroeg te snoei, kan die uitbarsting van knop versnel, wat meer rypskade tot gevolg het as latere snoei. Vertraag snoei tot so laat as moontlik in laagliggende gebiede wat geneig is tot ryp. Snoeiwonde moet so klein as moontlik wees, veral op permanente dele van die wingerdstok. Groot wonde maak die wingerdstok meer vatbaar vir infeksie deur patogene soos swam. Groot wonde kan met swamdoder behandel word.




Klimaat opgesom

Temperatures



Orange river:



Olifants river:




Cold Units:







Cold Units



Rain:





Rain:

Table 1: Accumulated monthly rainfall.

Source: ARC

2022	Groblershoop	Kanoneiland	Keimoes	Kakamas	Augrabies	Onseepkans	Vredendal vlieg
March	59.8	64.8	52.8	24.6	36.3	40.6	1.5
April	6.2	7.1	5.6	17.5	7.6	No value	0.0
May	16.2	12.2	6.6	6.1	8.6	1.3	2.5
June	58.6	3.3	4.1	34.3	48.3	24.4	1.8
Total	140.8	87.4	69.0	82.5	100.9	N/A	5.8

Table 2: Accumulated monthly rainfall.

Source: Raisins South Africa

2022	Upington	Klippunt	Kakamas
March	41	113	40
April	7	48	207
May	8	19	15
June	44	66	44
Total	100	246	306





Langtermyn reënval- en temperatuurvooruitsigte

Deur: Johan van den Berg

1. Huidig

'n Derde agtereenvolgende somerseisoen met 'n La Nina-verskynsel wat gaan heers, lyk baie waarskynlik. Dit sal slegs die derde keer sedert 1950 wees wat dit sal gebeur. Die ander twee kere was vanaf 1973 tot 1976 en dan ook vanaf 1998 tot 2001. Daar was ook 'n geval vanaf 1954 tot 1956 wat ongeveer twee en 'n half jaar geduur het met die laaste La Nina-episode wat teen einde Desember 1956 begin verswak het.

Die huidige reeks van La Nina-verskynsels het in Augustus 2020 begin, effens verswak in die winter van 2021 en weer versterk vanaf Maart tot Junie 2022. Hierdie versterking van La Nina in die laatsomer en herfs van 2022 was verantwoordelik vir reën tot in Juniemaand.

2. Wat kan verwag word in die volgende vyf tot tien jaar in terme van La Nina of El Nino se voorkoms en reënval?

Beide La Nina en El Nino-verskynsels kom in ongeveer 25% van jare elk voor. Die res van die jare is meer Neutraal, dit wil sê in ongeveer 50% van jare is daar nie El Nino of La Nina-verskynsels teenwoordig nie.

As die geskiedenis in ag geneem word waar daar drie agtereenvolgende La Nina-episodes voorgekom het, het daar binne twee jaar na die laaste La Nina-episode 'n El Nino-ontwikkel. Dit was ook die geval na die twee jaar lange La Nina-episode vanaf 2010 tot 2012 toe 'n baie sterk El Nino vanaf 2014 tot 2016 voorgekom het en uiters droë toestande veroorsaak het.




Die volgende scenario in die opvolg van La Nina/El Nino/Neutrale gebeurtenisse tot die einde van 2029 is moontlik as geskiedkundige gebeure in ag geneem word (Figuur 1):

La Nina tot Neutraal: 2022/23 en 2023/24

El Nino tot Neutraal : Vanaf 2024/25 tot 2026/27


La Nina tot Neutraal: Vanaf 2027/28 tot 2028/29



Figuur 1 Geprojekteerde voorkoms van La Nina, El Nino of Neutrale toestande in die volgende seisoene tot 2029

2.1 Westelike Somerreënvalgebied

Indien hierdie reeks van La Nina's en El Nino's voorkom soos in Figuur 1, kan die periode vanaf die 2023/24 seisoen tot ten minste 2027/28 droër wees oor die Somerreënvalgebied met natter toestande weer moontlik vanaf 2028/29 (Figuur 2). In Figuur 2 kan die geprojekteerde reënval as 'n waarskynlikheid om ten minste die gemiddelde reënval te kry vir die westelike Somerreënvalgebied (Noord-Kaap), gesien word.



Figuur 2 Westelike Somerreënvalgebied: Geprojekteerde reënvalwaarskynlikheid (%) om ten minste die normale reënval te kry






2.2 Weskus produksiegebiede

Daar is nie altyd 'n sterk verband tussen El Nino/La Nina met die Winterreënvalgebied se reën nie alhoewel La Nina-verskynsels dikwels positief is vir reën vir die maande vanaf Mei tot September asook vanaf November tot Januarie (ongeveer 60% kans om ten minste die gemiddelde reënval te kry tydens La Nina).

El Nino is baie positief (60-70% waarskynlikheid om ten minste die normale reënval te kry) vanaf April tot Julie. Dit is in die Neutrale fases of waar daar 'n oorgangsfase is tussen El Nino en La Nina of La Nina na El Nino waar dit die Winterreënvalgebied se reënval baie negatief beïnvloed.

Figuur 3 toon dat die Winterreënvalgebied ook in 'n droër fase behoort in te gaan wat kan strek vanaf die begin van 2023 tot ongeveer 2028.



Figuur 3 Winterreënvalgebied: Geprojekteerde reënvalwaarskynlikheid (%) om ten minste die normale reënval te kry

3. Die 2022/23-seisoen

3.1 Reën Noord-Kaap

Alhoewel die 2022/23-somerseisoen ook La Nina-neigend gaan wees (soos die afgelope 2 seisoene), is dit nie noodwendig dat die reënval dieselfde patroon gaan volg as vorige seisoene nie. Huidige voorspellings toon dat die 2022/23 La Nina 'n draaipunt rondom die einde van die 2022 kalenderjaar (Desember) gaan bereik.

Die ander belangrike faktor wat vanjaar 'n rol gaan speel is die gunstige opstelling van die Indiese Oseaan met koeler water nader aan die Afrika kontinent en warmer water ooswaarts nader aan Australië. Hierdie opstelling is baie positief vir reën vanaf ongeveer Oktober. Tradisioneel stimuleer La Nina-verskynsels reënval vanaf ongeveer November/Desember. Dus kan die gekombineerde effek van die Indiese Oseaan en La Nina alreeds reënval vroeër laat voorkom vanaf die tweede deel van Oktober met bogemiddelde reënval vanaf November tot Januarie oor die Noord-Kaap. Met die aanduidings dat die La Nina gaan verswak, is dit moontlik dat die kritiese oesperiode rondom Februarie en Maart minder reënval kan ontvang in 2023.





3.2 Weskus produksiegebiede

Wat die Weskusgebiede betref, lyk dit asof gereelde ligte neerslae vir die res van Julie en Augustus gaan voorkom met minder reën vanaf September tot November. Dit is moontlik dat reën uit somerstelsels as gevolg van die La Nina-verskynsel wat steeds in 2022/23 se somer gaan heers, vanaf Desember oor die westelike dele van die land suidwaarts kan beweeg en selfs gedeeltes van die Weskus- en aangrensende binneland kan beïnvloed met bogemiddelde reënval. Tydens La Nina-verskynsels neig laagdrukstelsels om verder weswaarts voor te kom en ook baie sterk te ontwikkel wat reën in die somer oor die Weskus kan veroorsaak.

3.3 Temperature

Dit lyk asof maksimumtemperatuur vir die Noord-Kaap gemiddeld tot bogemiddeld gaan wees vir die tweede deel van Julie maar koeler vanaf die laaste week van Julie en eerste deel van Augustus. Minimumtemperatuur van onder 5°C kan voorkom tot in September en daar is dus 'n kans vir ryp en rypskade.

Wat die Weskusproduksiegebiede betref, gaan temperature gemiddeld tot bogemiddeld wees vir die res van Julie en eerste deel van Augustus maar reën en bewolkte toestande kan in die tweede deel van Augustus koeler toestande veroorsaak. Baie warm toestande kan voorkom vanaf Oktober.

4. Opsomming

Dit lyk asof die 2022/23-somerseisoen vir beide die Oranjerivier- en die Weskusproduksiegebiede nog gemiddelde tot bogemiddelde reënval kan kry tot in Januarie maar minder reën vanaf Februarie wanneer die La Nina gaan verswak. Hierdie droër toestande vanaf die herfs van 2023 kan die inleiding wees van 'n droër periode tot ongeveer 2028.

Die kans dat laatryp gaan voorkom bly steeds hoog en dra die redelike matige tot warm maksimumtemperatuur vanaf die tweede deel van Julie ook by dat groei en ontwikkeling gestimuleer word en die risiko vir rypskade verhoog.





Olifantsrivier Tegniese inligtingsdag

Deur: Ilse-Mari Grobbelaar

Op 22 Junie 2022 bied Raisins SA 'n tegniese inligtingsdag langs die Olifantsrivier aan in Vredendal.

Met 'n uitstekende opkoms het produsente, verpakkers en sprekers van oral oor hierdie geleentheid aangegryp om lekker saam te gesels oor verskeie kwessies van die rosyntjie industrie.

JP Bence (Carpe Diem) skop die dag af met 'n praatjie oor die organiese verbouing van rosyne, die basiese riglyne daarvan en bespreek ook kortliks die koste aspek wat met organiese verbouing gepaard gaan.

Daarna is Ghian du Toit (FruitFly Africa) aan die woord. Ghian bespreek FruitFly Africa se rol, verantwoordelikhede en die 2021/22 lugspatte, waarna sy kollega, die area moniteerder Eddie de Klerk, meer vertel oor pesmonitering, "hotspots" en die belangrikheid van boordsanitasie. Corteva Agriscience se Gustav Groenewalt vertel meer oor die GF-120 produk, area wye beheer, lugspatte en beantwoord ook algemene vrae wat gereeld deur produsente gevra word.

Lucian Fredericks (Raisins SA) gee terugvoer oor Raisins SA se droogbaanproewe wat hierdie seisoen uitgevoer is. Hy bespreek die doel van die proef en deel met die gehoor die resultate.

Tharien Hansen (Sunworld) kom vertel meer oor hulle SG39 kultivar, sy eienskappe asook die suksesverhale daarvan. Abraham Vermeulen (SAPO) praat oor Selma Pete waarna Lourens Steyn (Bosman Adama) uitbrei oor Merbein Seedless en die prosesse wat ondergaan moet word om virusvrye plantmateriaal te kweek. Rachel Kriel van Plant SA vertel meer oor die kwaliteit van plantmateriaal, die konsep agter die "blou kaartjie"-stelsel en die nuwe protokolle wat in plek gestel is om beter kwaliteit plantmateriaal te verskaf.

Fritz Bekker sluit die dag af met 'n inligtingryke praatjie oor waterkwaliteit en monitering. Hy gesels oor sy Gariep Watch watermoniteringsprojek, die kwaliteit van die Oranjerivier se water en vertel van die invloed wat die Vaalrivier op die waterkwaliteit het.

Dit was 'n suksesvolle dag, en die terugvoer ontvang was baie positief.



Ons sien uit na die volgende dag in die Olifantsrivier!





Rypdoek behandelingsproef

Deur: Michael Redelinghuys

Oor die afgelope paar jaar is daar produsente wat hul jong wingerde toedraai met papier om die stammetjies om sodoende terugsterwing van die stokkies teen ekstreme koue toestande teen die Oranjerivier te beskerm.

Kostes van die oefening beloop byna R5.00 per stokkie (arbeid, koste van papier ens.). Dus wil Raisins SA statisties toets of die “rypdoek” werklik help teen terugsterwing. Hierdie ondersoek sal in 2023 gedoen word.

Wat is die waarde van die status van ’n wingerdstokkie

Plantmateriaalkwaliteit is ’n belangrike faktor vir die aanplanting van ’n nuwe wingerd. Raisins SA het oor die afgelope drie seisoene proewe gedoen om die effek van verskillende plantmateriaal kwaliteitsfaktore te bepaal.

Proef:

1. Drie klasse verdeel op grond van kwaliteitseienskappe.

	Klas A	Klas B	Klas C
Wortels	1 - 2	3 - 4	5 +
Onderstok deursnee	6.5 - 6.9 mm	7.0 - 9.0 mm	> 9 mm
Loot deursnee	3 - 4 mm	4.1 - 6.0 mm	> 6 mm

2. Twee proefpersele:
 - a. Buitegrond
 - b. Binnegrond
3. Cultivar - Selma Pete



Terugsterwing:

Lae gehalte stokkies (Klas A) het in die eerste jaar na plant opmerklik meer sterftes gehad as die ander klasse. By een perseel was die terugsterwingspersentasie dubbel (23%) soveel as vir die beter gehalte stokke van klas B en C (elkeen 10%). Die ander perseel het dieselfde resultate getoon in vergelyking met terugsterwing, hier was die persentasies as volg: Klas A (27%); Klas B (19%) en Klas C (6%).

Klas A se stokke het oor die algemeen beter presteer aan die binnekant van die blokke, dus 'n moontlike aanduiding dat die laer gehalte stokke nie so goed aangepas is teen onreëlmatige toestande nie.

Verskille in opbrengs is weglaatbaar klein tussen die klasse na 3 seisoene. Alhoewel groeipotensiaal en terugsterwing verskille getoon het tussen die klasse, het dit nie 'n effek gehad op die oes nie.

Gradering tussen die klasse het nie noemenswaardig verskil nie. Droog aan die stok het wel 'n beter gradering getoon as sondroog.



Snoei van Wingerd

Deur: Ilse-Mari Grobbelaar

Die sukses van 'n blok word alreeds hoofsaaklik bepaal tydens die voorbereidingstydperk. Dus, om optimale drag te verseker, is dit belangrik om seker te maak dat die snoeikonsep van die begin af reg toegepas word.

Aangesien wingerd van nature as 'n rankplant geklassifiseer word, is dit belangrik om die groeiwyse van hierdie plant te beheer. Daar moet 'n goeie balans geskep word tussen die vegetatiewe- (lote en blare) en reprodktiewe groei (trosse) van die wingerd om sodoende optimale drag te verseker. Om hierdie gewenste balans te kry is dit belangrik dat die konsep van snoei goed verstaan moet word.





Doel van snoei:

Goeie stokvorm:

Eenvormigheid is hier 'n baie belangrike konsep. Nie net vergemaklik jy die opleidingsproses van jou werkers nie, maar jy vergemaklik ook die snoeiproses. 'n Goeie stokvorm gee jou 'n beter verspreiding van lote wat weer 'n voordeel inhou vir beter sonlig penetrasie, deurlugting en trosvorming.

Effektiewe balans tussen groei en drag:

Die ooglading van die stok word tydens die snoeiproses bepaal. Dit is hier waar die balans konsep in werking tree. Snoei help om 'n goeie balans tussen groei en drag te verseker. Deeglike kennis oor die groeikragtigheid van verskillende kultivars sal help om die ideale ooglading van 'n bepaalde stok te identifiseer. Indien jou wingerdblok meer geilgroeiende neigings het sal dit 'n hoër ooglading kan akkomodeer as 'n blok met swak groei. Dis belangrik om vooraf die blok se vegetatiewe- en reprodutiewe neigings vas te stel om sodoende 'n effektiewe balans tussen die twee te kry.

Beter produksiegehalte:

Met 'n gewensde ooglading balans wat gekry word deur die snoeiproses help dit om optimale produksie aan te help. Alhoewel 'n groter drag op die oor af goed klink, is dit nie altyd gewens nie. 'n Groter drag kan lei tot swakker suikerkonsentrasie en die algemene kwaliteit van die oes. Dit kan ook lei tot reserwe uitputting wat weer lei tot 'n kleiner oes die toekomstige jaar. Die snoeiproses help om hierdie konsep in balans te hou om sodoende opeenvolgende optimale goeie kwaliteit oeste te lewer.

Verwydering van ou hout:

Hoe meer ou hout op jou wingerdstokke verskyn, hoe meer onproduktiewe dele is daar en is jou wingerd geneig om bo die draad uit te klim. Die snoeiproses stel jou in staat om hierdie hout te verwyder en plek te maak vir die vorming van nuwe hout. Dit help ook om die afstand van jou vernuwingshout en die krone so klein as moontlik te hou en die eersgenoemde probleem te vermy.





Ideale snoeityd:

Om te bepaal wanneer die beste tyd vir snoei is kan moeilik wees, veral in vandag se onvoorspelbare weerstoestande. Oor die algemeen word wingerd gesnoei in die tydperk tussen laaste blaarval en bot, die periode waar wingerde ten volle in 'n rustoestand is.

'n Visuele wyse om te bepaal of die wingerd gereed is vir snoei is wanneer dit huilsap begin produseer. Aspekte soos die bot tydperk en weerstoestand maak dit egter moeilik om hierdie eenvoudige teorie prakties toe te pas.

Hoe later jy snoei, hoe later gaan jou wingerd bot. Snoei kan die bot tydperk tot en met twee weke uitstel. Dit is dus belangrik om jou omgewing se temperatuurneigings in ag te neem tydens snoeibepanning.

Hoe warmer die temperatuur is tydens die bot- en blomfase, hoe meer sitokiniene en vrugbare ogies word geproduseer wat weer lei tot meer trosse wat gevorm word. Laat snoei is veral handig vir kultivars wat gevoelig is vir laat ryp/-koue of in laerliggende areas.

In kort opgesom is die snoeiproses dus baie meer ingewikkeld as om net 'n skêr te vat en te snoei. Dit is baie belangrik om vooraf nie net die doelwit van die kultivar vas te stel nie, maar ook jou gewenste kwaliteit en kwantiteit. Aspekte soos tyd, oogglading en kontinuïteit moet in ag geneem word wanneer daar op 'n snoeistelsel besluit word.



SAPO Trust (SAPO)

pak die “Virus-bul” by die horings met nuwe aksieplan

Deur: Abraham Vermeulen

Wingerd rolblaarvirus kom wydverspreid in die Suid-Afrikaanse wingerdbedryf (wyn-, tafel- en droogdruifbedryf) voor.

Die simptome van rolblaarvirus op rooi druive, is maklik herkenbaar – die blaarrand krul na onder, en die blaar verkleur rooi, terwyl die blaarnerwe groen bly (Fig. 1).

By wit kultivars is die simptome egter minder opmerklik en in droogdruif-kultivars baiekeer glad nie sigbaar nie. Om die teenwoordigheid van die rolblaarvirus dus in wit droogdruif-kultivars te bepaal, moet daar laboratoriumtoetse gedoen word. ELISA- of PCR-toetse kan gebruik word vir die toets van rolblaarvirus. ELISA-toetse is goedkoper as PCR-toetse en word dus meer algemeen gebruik.

Daar is verskeie rolblaarvirusrasse, maar die een wat die grootste effek op 'n wingerdplant het, is rolblaarvirus tipe 3 (GLRaV-3). Die effek wat die rolblaarvirus op 'n wingerdplant het, word bepaal deur die rolblaar rasse wat teenwoordig is in die plant, die algemene gesondheid van die wingerdplant, of die plant stres of nie, asook die heersende omgewingstoestande. Die grootste negatiewe effek van rolblaarvirus is dat dit die produksie beïnvloed.



FIG. 1 Rolblaar virus simptome op 'n rooidruif-kultivar.

Die gebruik van gesertifiseerde rolblaarvirus-vrye geënte plante het dus ten doel om die produksie van die wingerdblokke te verleng. In die strewe na gesertifiseerde wingerdstokke, is die WVV sertifiseringsskema geïmplementeer en word deur PlantSA bedryf. Die skema het ten doel om minimum vereistes te stel waaraan voldoen moet word, sodat goeie gehalte en gesonde wingerdplante aan die produsent voorsien word.



SAPO, wat as 'n minimum basis van plantverbetering die WVV sertifiseringskema se vereistes volg, het egter in November 2021 hul interne vereistes opgeskerp met die daarstel van 'n hernude plantverbeteringsplan van toepassing op die rosyne droogdruifbedryf. Die plantverbeteringsplan strek verder as die WVV skema vereistes en is daarop gemik om voortdurend die risiko vir produsente te verminder.

Twee van die belangrikste aksies wat geïmplementeer is, fokus op die verhoging van fitosanitêre vereistes. In 'n poging om die verspreiding van moontlike virus besmetting in grondves- en moederblokke te voorkom, word wingerd witluis lokvalle nou in alle areas waar daar grondves- en/of moederblokke aangeplant is, gemoniteer. Dit gaan gepaard met deurlopende visuele inspeksies in die seisoen. Alle grondves- en aktiewe moederblokke is ook van vanjaar af “stok-vir-stok” getoets vir rolblaarvirus. Dit minimaliseer die moontlikheid dat virusbesmette plantmateriaal aan kwekers gelewer word.



Vir meer inligting en kommentaar skakel asseblief
Abraham Vermeulen,
Wingerdbestuurder by SAPO.



Hierdie aanstellings demonstreer SAPO se verbintenis tot 'n hernude aanslag op plantverbetering ter ondersteuning van die rosynebedryf se pogings om produsente met die beste kwaliteit plantmateriaal te verseker.

~Abraham Vermeulen~



SAPO's new appointments:

Nucleus Tunnel Technician: Ms. Gray-Lee Carelse

Following the resignation of Ms. Lisa-Mari Dippenaar earlier this year, we are pleased to announce the appointment of Ms. Gray-Lee Carelse to the above position. Gray-Lee holds a M.Sc. degree in Plant Pathology and has been applying her trade in the nursery environment in earlier years and as Post-harvest Technician in the citrus industry. Gray-Lee will oversee the effective functioning and development of SAPO's nucleus tunnel services and partner with the production team to enhance the production of foundation plants at Fleurbaix.

Laboratory Technician: Ms. Wendy Bailey

Following the decision to assign focussed capacity to SAPO's virus elimination function, we are pleased to announce the appointment of Ms. Wendy Bailey to the above-mentioned position. Wendy is in the final phase of completing her M. Sc. Degree in Plant Pathology with previous experience in tissue culture technology which forms an inherent component of the virus elimination function. Wendy will be responsible for the expansion of SAPO's virus elimination function to the broader industry.

Plant Certification Technician – Grapevine: Wynand Cillie

Mr. Wynand Cillie was appointed in the above capacity in May 2022. After completing his studies in Viticulture and Horticulture at the Elsenburg Agricultural College, Wynand has been applying his trade in the table grape-, raisin- and wine farming industries and therefore brings valuable technical expertise to SAPO.



Plant SA


Aktiwiteite met betrekking tot droogdruuwe

Deur: Rachel Kriel

Die WVV Raad het in 2019 beslis dat die uitfassering van alle Moeder uit Moeder blokeenhede oor 'n drie-jaar periode afgehandel moet word.



Die toegelate gebruik om moederblokke (MB) te vestig uit bestaande moederblokke is 'n oorblyfsel uit die tyd voor 2017 toe tafel- en droogdruuwe onder die SPV bestuur is.

Die persentasie droogdruifstokke wat hiervolgens uitfasseer moes word het reeds afgeneem van 83% tot 43% en die laaste 30 blokeenhede moet hierdie jaar (2022) geskrap word tensy daar, waar geen ander materiaal beskikbaar is nie, om verdere dispensasie aansoek gedoen word.



Soos verlede jaar in die nuusbrief afgekondig, het die WVV Raad ook beslis dat alle Grondveseenhede (GV) ten minste een keer elke drie jaar stok vir stok getoets moet word vir Rolblaar. In 2019 was slegs 52% van alle droogdruif GV met ELISA vir rolblaar getoets, tans is 95% van die eenhede in die laaste drie jaar getoets en 89% hiervan in die huidige jaar.

Daar is 14 amptelike variëteite vir droogdruuwe waarvan vier deur planttelersregte beskerm word. Vier plantverbeteringsorganisasies het gesamentlik 18 geregistreerde klone en 30 kandidaatklone van droogdruifvariëteite. Daar is nege variëteite waarvoor daar slegs een kloon elk geregistreer is. Daar is GV eenhede van 11 variëteite en MB van 9 variëteite. Daar is hierdie jaar ongeveer 10% minder droogdruuwe ge-ent in vergelyking met die vorige jaar.



Vrugtevlieg “hotspot”


Deur: Ilse-Mari Grobbelaar

Die vrugtevlieg moniteringsprojek is alreeds volstoom aan die gang die afgelope paar seisoene; en soos reeds genoem in die vorige nuusbrieff is daar hierdie jaar 207 vrugtevlieg moniteringslokvalle gestel. Hierdie lokvalle word op 'n weeklikse basis moniteer deur lede van FruitFly Africa.

Met kommerwekkende stygings in getalle op sekere moniteringsareas soos wat die seisoen verloop het, is die verskillende “hotspots” geïdentifiseer. Ondersoek is daarvolgens ingestel om die bron van die drastiese styging in hierdie areas te identifiseer en te bestuur.

Tydens hierdie ondersoek is verskeie rolspelende faktore identifiseer, met swak boordsanitasie as die grootste sondebok. Dus word daar 'n beroep gedoen op produsente om meer aandag te gee aan na-oes aksies soos die verwydering van natrosse om sodoende die verdere ontwikkeling van “hotspots” te vermy.

Alhoewel daar steeds “hotspot” areas teenwoordig is toon die data wat tydens week 21- 23 van 2022 versamel is, dat getalle begin afneem het (sien “2022 Vrugtevlieg Moniteringsprojek” grafiek).




Vrugtevlieg skadebepalingsproef:

Deur: Ilse-Mari Grobbelaar

FruitFly Africa in samewerking met Raisins SA het die vorige seisoen 'n vrugtevlieg skadebepalingsproef geloods. Die idee agter die proef is om die potensiële opbrengs en ekonomiese verliese wat vrugtevlieë spesifiek in rosyntjiedruifwingerde veroorsaak, te bepaal.



Moontlik geïnfekteerde korrels in fermutiliet



Weeg van tros

Vrugtevlieë is 'n erkende ekonomiese plaag. Direkte ekonomiese verliese as gevolg van vrugtevlieëskade en sy fitosanitêre status in veral tafeldruifuitvoermarkte was die sleutelmotiverende vir die loods van 'n area wye beheerstrategie wat deur FruitFly Africa geïmplementeer is.

Afgesien van die direkte verlies as gevolg van vrugtevlieëskade en marktoegangskwessies by tafeldruif, kan rosyntjiedruifwingerde (veral dié waar min tot geen vrugtevlieg beheer toegepas word) dien as toevlugsoorde vir vrugtevlieë van waar hulle dan ander vrugtegewasse in die omgewing besmet.

Baie rosyntjiedruifprodusente beskou nie vrugtevlieg as 'n ekonomiese belangrike plaag nie, waarskynlik omdat die werklike impak en potensiele verliese deur vrugtevliegskade nog nie by rosyntjies vasgestel is nie.

Produsente langs die Oranjerivier boer dikwels met wyn-, tafel en rosyntjiedruif. Dit wil sê dat daar gereeld gevalle is waar hierdie verskillende wingerdtipes langs mekaar of naby aan mekaar verbou word.

Tans word rosyntjiedruifwingerd ingesluit by hierdie lugspatte. Om rosyntjieboere egter te oortuig om verder in te koop by hierdie inisiatief is die skadebepalingsproef geloods.

Die blokke waarop die skadebepalingsproef uitgevoer word vorm deel van die area wye beheer program. Hierdie blokke ontvang ook drie GF-120 lugspatte per seisoen met die doel om vrugtevlieg getalle so laag as moontlik te hou.

Die inligting wat tydens hierdie skadebepalingsproef versamel word sal nie net help om die totale vrugtevlieg skade te bepaal na behandeling nie, maar word ook gebruik om die potensiele verlies wat deur vrugtevlieë veroorsaak word, te skat indien daar geensins vrugtevliegbeheer toegepas sou word nie. Op so wyse kan die sukses van die area wye beheerprogram en die GF-120 produk in datavorm vasgevang, analiseer en verwerk word.

Met baie uitdagings, aanpassings en monitering is 'n groot aantal belowende data versamel. Hierdie data ondergaan tans 'n verwerkings- en analiseringsproses waarna resultate en aanbevelings gemaak en gedeel sal word op die Raisins SA Simposium op 31 Augustus, in samewerking met Nedbank.



Moontlik geïnfekteerde trosse na oes



South African Society
for Enology & Viticulture

in partnership with



Table Grape Information Day

Wildwood Events Venue, Groblersdal

15 August 2022

07:45 - 08:20: Registration and Tea/Coffee

08:20 - 08:30: Welcome

08:30 - 08:50: Agriculture in SA's economic growth agenda (Louw Pienaar, BFAP)

08:50 - 09:10: Port of Cape Town: Exploring processes, flow rate, capacity and anticipated fruit volumes, along with private sector participation (Werner van Rooyen, FPEF)

09:10 - 09:30: An update on market access and market development for table grapes (AJ Griesel, SATI)

09:30 - 09:50: Southern hemisphere view on volume trends (Jacques Ferreira, SATI)

09:50 - 10:10: Tea/Coffee Break

10:10 - 10:30: Tracking of table grapes along the cold chain (Charl Brill, AgrigateOne)

10:30 - 11:30: Marketing of table grapes in (pre-recordings):

- EU & UK (Paul Farmer)
- China (Antony Butler)
- USA (John Pandol)

11:30 - 11:50: Packing for next year's table grapes (Adri van der Merwe, Tessara)

VERVOLG OP
VOLGENDE
BLADSY



South African Society
for Enology & Viticulture

in partnership with



Table Grape Information Day

Wildwood Events Venue, Groblersdal

15 August 2022

11:50 - 12:45: Lunch

12:45 - 13:15: The heat is on: Consequences and Mitigation of heat/drought stress (Dr Markus Keller, Washington State University)

POWER HOUR

13:15 - 13:30: SATI Research and knowledge transfer overview (Tarryn Wettergreen, SATI)

13:30 - 13:45: The effect of climate on physical and chemical quality attributes before and after storage (Janéne Strydom, ARC)

13:45 - 14:00: The effect of in-vineyard sanitation on the quality and storability of grapes (Dr Johan Fourie, ExperiCo)

14:00 - 14:15: Using weather conditions to manage post-harvest diseases (Dr Johan Fourie, ExperiCo)

14: 15: Closing

Platinum Sponsor





South African Society
for Enology & Viticulture

in partnership with



Table and Raisin Grape Information Day

Lake Grappa, Kakamas

17 August 2022

08:15 - 08:25: Welcome

08:25- 08:45: Agriculture in SA's economic growth agenda (Prof. Johan van Rooyen, Stellenbosch University)

08:45 - 09:05: Port of Cape Town: Exploring processes, flow rate, capacity and anticipated fruit volumes, along with private sector participation (Werner van Rooyen, FPEF)

09:05 - 09:25: An update on market access and market development for table grapes (AJ Griesel, SATI)

09:25 - 09:45: Southern hemisphere view on volume trends (Jacques Ferreira, SATI)

09:45 - 10:00: Tea Break

10:00 - 10:20: Tracking of table grapes along the cold chain (Charl Brill, AgrigateOne)

10:20 - 10:40: Profitability of raisin production (Ferdie Botha, Raisins SA)

10:40 - 11:40: Marketing of table grapes in (pre-recordings):

- EU & UK (Paul Farmer)

- China (Anthony Butler)

- John Pandol (USA)

11:40 - 11:55: Raisin drying facilities: the way forward (Stefan Jordaan, Raisins SA)

VERVOLG OP
VOLGENDE
BLADSY



South African Society
for Enology & Viticulture

in partnership with



Table and Raisin Grape Information Day

Lake Grappa, Kakamas

17 August 2022

11:55- 12:45: Lunch

12:45 - 13:15: The heat is on: Consequences of Mitigation of heat/drought stress (Dr Markus Keller, Washington State University)

POWER HOUR

13:15- 13:30: SATI Research and Knowledge Transfer overview (Tarryn Wettergreen, SATI)

13:30 - 13:45: The effect of climate on physical and chemical quality attributes before and after storage (Janéne Strydom, ARC)

13:45 - 14:00: The effect of in-vineyard sanitation on the quality and storability of grapes (Dr Johan Fourie, ExperiCo)

14:00 - 14:15: Using weather data to manage post-harvest diseases (Dr Johan Fourie, ExperiCo)

14:15 - 14:35: Invloed van stikstof op kwaliteit van druiwe (Herbert Hattingh, Consultant)

14:35 Closing



South African Society
for Enology & Viticulture

in partnership with



Table Grape Information Day

Kronenburg, Paarl

19 August 2022

07:45 - 08:20: Registration & Tea/Coffee

08:20 - 08:30: Welcome

08:30 - 08:50: Agriculture in SA's economic growth agenda (Wandile Sihlobo, Agbiz)

08:50 - 09:10: Port of Cape Town: Exploring processes, flow rate, capacity and anticipated fruit volumes, along with private sector participation (Werner van Rooyen, FPEF)

09:10 - 09:30: An update on market access and market development for table grapes (AJ Griesel, SATI)

09:30 - 09:50: Southern hemisphere view on volume trends (Jacques Ferreira, SATI)

09:50 - 10:10: Tea/Coffee Break

10:10 - 10:30: Tracking of table grapes along the cold chain (Charl Brill, AgrigateOne)

10:30 - 11:30: Marketing of table grapes in (pre-recordings):

- EU & UK (Paul Farmer)
- China (Antony Butler)
- USA (John Pandol)

11:30 - 11:50: Packing for next year's table grapes (Adri van der Merwe, Tessara)

11:50 - 12:10: Powdery mildew management in grapes (Prof. Francois Halleen, ARC)

VERVOLG OP
VOLGENDE
BLADSY



South African Society
for Enology & Viticulture

in partnership with



Table Grape Information Day

Kronenburg, Paarl

19 August 2022

12:10 - 12:45: Lunch

12:45 - 13:15: The heat is on: Consequences and Mitigation of heat/drought stress (Dr Markus Keller, Washington State University)

POWER HOUR

13:15 - 13:30: SATI Research and knowledge transfer overview (Tarryn Wettergreen, SATI)

13:30 - 13:45: The effect of climate on physical and chemical quality attributes before and after storage (Janéne Strydom, ARC)

13:45 - 14:00: The effect of in-vineyard sanitation on the quality and storability of grapes (Dr Johan Fourie, ExperiCo)

14:00 - 14:15: Using weather conditions to manage post-harvest diseases (Dr Johan Fourie, ExperiCo)

14: 15: Closing

Gariep Watch kry nasionale erkenning vir sy werk op waterkwaliteit

Deur: Ferdie Botha

Gariep Watch is in 2018 gestig deur Agri-SA, Agri-NK, Karsten Boerdery, ORLU, ORPA en Raisins SA.

Die doel van hierdie organisasie is om die kwaliteit van water in die Benede-Oranjerivier en laer Vaalrivier stelsels te monitor en enige besoedeling aan te spreek. Gariep Watch was genomineer vir sy uitstekende wetenskaplike navorsingswerk en innoverende benadering om waterkwaliteit aan te spreek by die onlangse Nasionale Wetenskaplike en Tegnologie Forum se toekenning geleentheid.

Die organisasie het 'n algehele tweede plek bekom in die kategorie vir Nie-regerings-organisasies (NGO's).



Ons wil ons dank uitspreek teenoor al ons vennote wat strek oor 'n afstand van ongeveer 1 000 kilometer, waar waterkwaliteit moniteringswerk gedoen word. 'n Groot dankie aan al die betrokke Watergebruikers verenigings, georganiseerde landbou (Agri-SA, NK en ORLU) en bedrywe (ORPA en Raisins SA) vir jul toegewyde ondersteuning om ons kosbare waterhulpbron te beskerm.



Fritz Bekker van Cleanstream Environmental Services, en Willem van Aarde, hoof agronoom van Karsten Boerdery.



Vooruitsigte vir internasionale ekonomiese groei en die implikasies vir Suid-Afrikaanse uitvoer

Deur: Marlene Louw, ABSA

Inleiding

Inflasie was die afgelope paar maande heel bo aan die lys van beleidskwessies en nuusdekking, regoor die wêreld. Hierdie kan oorwegend toegeskryf word aan hoë energie en voedselpriese, wat op hulle beurt weer die oorsaak van geo-politiese ontwigtings, skeepsvragkrisisse en droogtes in sleutel produksiegebiede rondom die wêreld is. Inflasie vir Junie maand het rekords gebreek in die VSA en Europa en sekere ekonome en analiste is nou van die mening dat hierdie twee moondhede teen vroeg volgende jaar in 'n ekonomiese resessie kan wees. Organisasies soos die IMF (Internasionale Monetêre Fonds) en die Wêreld Bank is meer gematig. Hulle siening is dat daar wel beperkte positiewe ekonomiese groei in 2022 en 2023 sal wees. Die IMF en Wêreld Bank het egter sedert die begin van die jaar, hierdie groeikoerse deurlopend verlaag. Met hierdie agtergrond, oorweeg hierdie stuk die vooruitsigte vir internasionale groei. Ons raak ook aan die faktore wat hierdie groei negatief beïnvloed het oor die afgelope paar maande en bespreek wat dit kan beteken vir uitvoerindustrieë in Suid Afrika.

Vooruitsigte vir wêreld groei

Om te verstaan wat die vooruitsigte vir wêreld groei is, is dit belangrik om die ekonomiese dinamiek van die sogenamde ekonomiese reuse te verstaan. Hier kyk ons na wat besig is om te gebeur in die VSA, EU en China. Die IMF het op die 8ste Julie hulle vooruitsigte vir ekonomiese groei in die VSA substantieel verlaag. Dit is na aanleiding van die verwagting dat aggressiewe rentekoersverhogings totale vraag in die land negatief sal beïnvloed. Die IMF verwag nou dat Bruto Binnelandse Produk (BBP) in die VSA met 2.9% sal groei in 2022. Dit is 'n 0.8 persentasiepunt verlaging, van die voortuiskattings vir 2022 wat in April gedoen is. In China wys die syfers wat vir die tweede kwartaal van 2022 gepubliseer is, dat die Chinese ekonomie raketings 'n resessie in die kwartaal gemis het. Hierdie was 'n gevolg van die drakoniese geen-Covid beleid wat in China gevolg word en Omikron wat sedert die begin van die jaar vinnig in China versprei het. Hoë energiekostes en 'n fel hittegolf in die tweede week van Julie het heel waarskynlik bygedra tot die ekonomiese uitdagings wat die land in die tweede kwartaal ervaar het.



As daar in ag geneem word dat die land verantwoordelik is vir 30% van die wêreld se vervaardiging, sal hierdie kwessies beslis ook 'n effek op die internasionale konteks hê.

In die Europese Unie kan die verlansaming in groei grotendeels toegeskryf word aan die verhoogde lewens- en energiekostes. Hier het die Europese sentrale bank egter nog nie met rentekoersverhogings begin nie. Analiste merk dat hierdie toestande waarskynlik sal voortduur in 2023.

Hoe raak dit uitvoerindustrië in Suid-Afrika

1. Hoë inflasie en lae groei sal koopkrag in belangrike uitvoermarkte (soos die EU) vir SA vrugte en verwante produkte onder druk plaas. Dit sal pryse, in dollar terme, negatief beïnvloed.
2. Verlansaming in groot vervaardigende lande soos China, kan die vraag na kommoditeite soos ystererts en mangaan beïnvloed. Dit kan 'n negatiewe effek op die wisselkoers hê. Tot 'n groot mate was die sterkte van die rand in die eerste helfte van die jaar, die gevolg van sterk uitvoere in metale en minerale gewees.
3. Plaaslike rentekoerse sal heel waarskynlik in pas bly met wat in Amerikaanse markte gebeur. Dit dra by tot die breër insetkostedruk wat produsente ervaar.
4. Op 'n positiewe noot – 'n verlansaming in wêreldgroei kan druk op internasionale skeepsvrag markte verlig. Die gevolg hiervan sal ook laer verskepingskoste wees.

Die pad vorentoe

Mark sentiment dui daarop dat hoë pryse en laer groei 'n realiteit sal wees vir 2022 en 2023. Die groot veranderlike wat die vlak van hierdie veranderlikes sal beïnvloed is Amerikaanse owerhede wat rentekoersverhogings in die toekoms kan toepas. As inflasie hardnekkig hoog bly kan ons nog een of twee rondtes van 75 basispunt verhogings in die VSA verwag.

Dit sal ook druk op ander lande (insluitende Suid-Afrika) se beleidsmakers plaas om rentekoerse aggressief te verhoog. Dit sal natuurlik aanhou om plaaslike en internasionale groeivoorsigte negatief te beïnvloed. Die komende maande se inflasie trajek sal dus krities wees om dop te hou om te verstaan waar (internasionale markte se) koopkrag, produksiekoste en wisselkoerse heen kan gaan.





Wesenlike verliese

vir twee agtereenvolgende jare vir die Suid-Afrikaanse rosyne bedryf

Deur: Ferdie Botha

Produksie teen die Oranjerivier het vir twee jaar agtereenvolgend hewige verliese gely aan produksie.

Die aanvanklike oesskatting was 86 000 ton, met selfs die verwagting dat die syfer oorskry kan word. Op 15 Februarie 2022, was die skatting afwaarts aangepas na ongeveer 73 000 ton, a.g.v voortdurende reën en vloedtoestande. Die finale inlewerings vir die seisoen is 200 ton kort van 78 000 geïnding.

Die totale inlewerings per produktipe, word verder opgesom hieronder:

Tabel 1: Opsomming van totale inlewerings vir 2021/22 teenoor oesskatting


Produktipe	TOTAAL 2021/22	Oesskatting 2021/22	Aangepaste skatting 2021/22
Thompson	48,025,079.01	49,200,000.00	39,860,000.00
Goues	10,305,812.44	15,010,000.00	12,510,000.00
SA Sultana	4,932,437.57	9,000,000.00	8,000,000.00
OR's	581,196.50	900,000.00	700,000.00
Flame	4,479,636.65	5,400,000.00	5,400,000.00
Korente	3,513,023.48	3,500,000.00	3,200,000.00
Other	6,043,842.48	3,002,000.00	3,002,000.00
Totaal 2022	77,881,028.13	86,012,000.00	72,672,000.00
[Totaal 2021]	72,731,810.63	83,000,000.00	67,500,000.00
[Totaal 2020]	83,435,222.19	81,000,000.00	n.v.t

Die weeklikse inlewerings word in die onderstaande Figuur (1) aangeteken vir die afgelope drie seisoene. Amptelike inlewerings word gerapporteer vanaf week 4 en strek oor 20 weke, met die laaste lewerings wat in week 24 plaasvind.


Inlewerings was aanvanklik gepootjie deur die reën vir week 4-11, waarna dit sterk gestyg het vir week 12 -18, waarna die 'stert' van inlewerings gefinaliseer is vir die oorblywende 6 weke.




Figuur 1: Weeklikse innames vir die periode 2019/20, 2020/21 en 2021/22



Weens prys aanduidings en swak weerstoestande, was die Goue produksie wesenlik laer vir die 2021/22 seisoen teenoor die vorige periode, met slegs 10 000 ton geproduseer teenoor 15 000 ton. Groot beweging was na Thompsons, met 14 000 ton meer geproduseer, of althans 40% meer in vergelyking met 2020/21. Die volgende figure (2 en 3) stel die produksamestelling vir beide die 2020/21 en 2021/22 seisoene voor.



Figuur 2: Produksamestelling 2020/21



Figuur 3: Produksamestelling 2021/22



Die afgelope seisoen was 'n uitdagende een, waar produksie en kwaliteit gekelder is. Direkte produksieverlies was beraam op 18.75%, met 'n verdere verlies van 8%-10% gelyk op kwaliteit. Dus word die totale verlies beraam op amper 30% vir die SA rosyne bedryf.

Finansiële hulp bekom vir rosyne produsente

Deur: Ferdie Botha

Gedurende 2022 het die grootste gedeeltes van Suid-Afrika abnormale reënval ontvang, wat goed was om die lang uitgerekte droogte oor die afgelope 5-7 jaar te breek. In sommige areas, het die hoë reënval gelei tot vloede en selfs skade aan infrastruktuur, besighede en so ook die landbou-sektor.

Hierdie toestande is egter glad nie gunstig vir rosyneprodusente nie en het wesenlik volume en kwaliteitsverliese tot gevolg gehad vir die rosynebedryf. Die vloedtoestande wat ervaar was oor die afgelope 4-5 maande, met reënval van so hoog as 250% bo die gemiddeld jaarlikse gemiddeld het tot verliese gelei.

Raisins SA het die Industrial Development Corporation (IDC) genader om dus 'n hulppakket beskikbaar te stel aan produsente wie se kontantvloei onder druk is. 'n Aansoek van R350 miljoen is ingedien en gemotiveer deur die bedryfsorganisasie. Gevolglik is positiewe terugvoer ontvang, met R150 miljoen wat beskikbaar gestel word aan alle produsente, rentevry, vir 'n periode van 18-24 maande.

Die motivering hiervoor is dat landbou wesenlike bydraes lewer tot die plaaslike ekonomie. Ongeveer 88% van SA se rosyne word langs die Oranjerivier geproduseer, met tafel- en wyndruiwe wat elk 33% en 10% van die land se produksie verteenwoordig.

Produksie van druiwe is arbeidsintensief en skep nagenoeg 50 000 permanente ekwiwilente werkseleenthede en 'n jaarlikse ekonomiese uitset van ongeveer R6 miljard.

'n Goeie oes was op hande gewees vir die 2021/22 seisoen, wat waarskynlik 2020 se oes van 85 000 ton kon oorskry. Gegewe die finale oes van 78 000, is 'n direkte oesverlies van 18.75% gely. Tweedens, is produkkwaliteit negatief beïnvloed en 'n verdere verlies van 8%-10% word beraam. Daarvolgens, is die totale beraamde verlies bereken op 26.75% tot 28.75%.

Die totale bemarkbare produk se waarde word beraam op \$156 000 000, wat dus impliseer dat die beraamde verlies ten minste in die orde grootte van \$40 170 000 tot \$44 850 000 is. Dit is 'n massiewe verlies vir 'n landelike area soos die laer Oranjerivier.

Verpakkers is in proses om die nodige stappe te neem om die fondse van die IDC te kan bekom, aangesien hulle 'n sleutelrol sal speel met die aanleen van hierdie fondse aan produsente.



‘International Nut and Dried Fruit’ kongres

Deur: Ferdie Botha

Die 39ste “International Nut & Dried Fruit” (INC) kongres is die jaar in Dubai aangebied gedurende 11-13 Mei 2022.



“

Dit is die enkel grootste internasionale kongres, wat beide neute en droëvrugte bedrywe aanbetref.

”

Die kongres is bygewoon deur meer as 1 100 van die wêreld se bedryfsleiers in neute en gedroogde vrugte om heersende kwessies te bespreek. Dit sluit in die heersende na-skokke van die afgelope Covid19 pandemie waaremee ons vandag nog saamleef, logistieke uitdagings, veranderde voedsel tendense en pryse wat onder druk verkeer in ’n sukkelende wêrelddeksonomie. ’n Sleutel oorweging is die impak op die volhoubaarheid van produsente om roumateriaal produksie te beskerm.

Die INC as organisasie se primêre fokus is om die verbruik van beide produk kategorieë te stimuleer, deur samewerking met verskeie rolspelers regoor die wêreld te bevorder, dit sluit in wetenskaplike navorsingsprojekte om die gesondheidsvoordele van neute en gedroogde vrugte te kan kommunikeer en verbruikers ingelig te hou.

Die “Dried Fruit Alliance” waarvan die Suid-Afrikaanse bedryf deel vorm, se aanbieding tydens die kongres is goed ontvang. Die doelwit van die aanbieding was om verslag te doen oor die 2021/22 promosie veldtog in die VK.



Internasionale veldtog suksesvol afgesluit

Deur: Ferdie Botha


Raisins SA het suksesvol die 2021/22 promosieprogram in die VK afgesluit in samewerking met die Dried Fruit Alliance, wat bestaan uit ander organisasies regoor die wêreld. Dit sluit in Australië, Turkye, VK en VSA.

Die promosieveldtog genaamd #eatmoredriedfruit strek oor die afgelope twee jaar. Die doel van hierdie veldtog is om die bewustheid van gesondheidsvoordele van droëvrugte te kommunikeer aan die verbruiker en dat dit 'n baie lekker “peuselhappie” saam met veral neute is, met die einddoel om droëvrugte verbruik oor die volgende vyf jaar te stimuleer.

Die 2022-veldtog het die volgende aktiwiteite ingesluit: verbruikersnavorsing, die aanwend van 'n produk ambassadeur, die verdere aanwend van 'influencers' op sosiale media en verdere tradisionele mediavenootskappe in radio en tydskrifte om die boodskap van die veldtog te kommunikeer.


Navorsing is gedoen om aan te dui hoeveel Britte sukkel om hul voorgeskrewe “5-per-dag” dieet te kan doen en die redes daar agter beter te verstaan. Ongeveer 20% van alle ouers het aangedui dat dit 'n voortdurende stryd is om hul kinders gesond te laat eet. Verbruikers het ook aangedui dat die bederfbaarheid van vars vrugte en groente 'n verdere rede is dat die aanbevole 5-per-dag 'n moeilike teiken is. Beide uitdagings bied 'n geleentheid vir die droëvrugte bedryf aan, aangesien gedroogde vrugte gesondheidsvoordele inhou indien reg aangewend, nie-bederfbaar is, en in 'n groot verskeidenheid van resepte aangewend kan word.

Die veldtog het die Olimpiese goue medaljewenner en TV-persoonlikheid Matty Lee as hoofambassadeur aangewys. Sy betrokkeheid het ingesluit die onderhoude en plasinge op sosiale media om die gesondheidsvoordele en veelsydigheid van droëvrugte aan verbruikers te kommunikeer.






‘n Verskeidenheid van “social media influencers” is gebruik om verdere ‘inhoud’ te skep op sosiale media om die veldtog se boodskap op die gesondheid en veelsydigheid van ons produk te kommunikeer.




Gedroogde vrugte vorm deel van die voorgestelde vyf-per-dag dieet program. Dit speel ‘n sleutelrol in die handhawing van ‘n goeie immuunstelsel, omdat dit so ‘n goeie bron van yster en koper is. Gedroogde vrugte verbeter ook jou spysverteringstelsel omdat dit ‘n baie goeie bron van vesel is.



Die onderstaande figuur dui die impak van die veldtog in terme van soektogte op ‘Google’ aan, na gedroogde vrugte gedurende Januarie 2022. Met elke plasing van berigte of interessante feite op gedroogde vrugte, kan waargeneem word dat verbruikers reageer met die verhoogde soektogte. In die algeheel, het soektogte na gedroogde vrugte met 45% toegeneem tydens die promosie periode wat dui op ‘n positiewe uitkoms.

Befondsing van promosieveldtogte is uitdagend weens die kostes verbonde daaraan. Ons is dankbaar teenoor ons alliansie vennote en spesifiek die INC wat die veldtog ondersteun.





INC ondersteun VK veldtog vir nog 'n jaar

Deur: Ferdie Botha



'n Derde suksesvolle siklus van befondsing is aan Raisins SA toegestaan, vir sy werk op die promosie van gedroogde vrugte en spesifiek rosyne ter waarde van 150 000 Euro.

Die eerste befondsing ontvang was aangewend ter ondersteuning van 'n lokale veldtog in Suid-Afrika gedurende 2020/21. Vir die periode 2021/22 het die fokus verskuif na die VK, in samewerking met ander organisasies vanuit Australië, Turkye, VK en die VSA. 'n Industrie alliansie, genaamd "Dried Fruit Alliance (DFA)" is gevestig om kollektiewe promosie van die produkkategorie te bevorder.

'n Derde aansoek is gedurende April deur Raisins SA ingedien en was suksesvol, wat 'n fase twee tot gevolg sal hê in die VK mark. Die VK is die wêreld se grootste enkele mark vir rosyne, maar het oor die afgelope dekade negatief gegroei. Dit noodsaak dus 'n hernude fokus om hierdie produkkategorie te promoveer, veral in die lig tot die groei wat "snacking" global ervaar.



3D foto van hoe die gebou sal lyk nadat konstruksie plaasgevind het.

Die twee grootste uitdagings in die Noord-Kaap, wat beoog word om deur die VAMF aangespreek te word, is:

- Menslike hulpbronne uitdagings is nie beperk tot die algemene arbeidsmark nie, maar ook relevant tot die jong professionele persone wie die sektor betree. Aandag is nodig om die dubbele aard van ons ekonomie aan te spreek en te verseker dat opkomende produsente so gou as moontlik op kommersiële vlakke oorgaan en deel vorm van hoofstroom ekonomiese aktiwiteite.
- Tegniese vaardighede bestaan nie, en word ten duurste ingevoer vanaf die Wes-Kaap (in die vorm van proewe). Die kostes word nie net beperk tot die logistieke uitgawes nie, maar ook proewe wat onsuksesvol is a.g.v. onvoldoende toesighouding en monitering op 'n daaglikse basis, wat veroorsaak dat daar nie pro-aktief en effektief opgetree kan word nie.

Bekendstelling: Vine Academy & Model Farm (VAMF)

Deur: Madene Conradie en Ilse-Mari Grobbelaar

Raisins SA huur sedert April 2021 die landbouterrein by Hoërskool Martin Oosthuizen (HMO), met die oogmerk om dit te omskep in 'n wingerdakademie en modelplaas. Vir die afgelope twee dekades was die landbouterrein onderbenut, en Raisins SA het die geleentheid raakgesien om 'n positiewe verandering mee te bring.



Die uiteindelijke mikpunt van die VAMF is om 'n nasionale opleidingsentrum wat geakkrediteerde kursusse wat deur die landboubedryf erken word, te vestig.

Die modelplaas se mikpunt is om praktiese- en teoretiese onderrig aan jongmense, plaaswerkers en selfs opkomende produsente te bied met die fokus op wingerdvrugte en wingerdverbouingspraktyke. Toegewyde navorsing aan wingerdverbouingspraktyke sal ook aandag geniet, aangesien die uitdagings rakende kapasiteit en logistiek navorsingswerk belemmer.

Die oorgrootte meerderheid van die fondse vir hierdie inisiatief is verkry deur die Kgodiso Development Fund. Dit is een van Pepsico Sub-Saharan Afrika (Pepsico SSA) se ekonomiese en sosiale ontwikkelingsinisiatiewe wat spruit uit 'n ooreenkoms ná Pepsico SSA Pioneer Foods in 2020 oorgekoop het.

Die Kgodiso Development Fund het R12.8 miljoen beskikbaar gestel ter ondersteuning van hierdie projek.

Die fondse gaan aangewend word vir die opknappingswerk aan infrastruktuur, die bou en ontwikkeling van die moderne akademie en wingerdvestigings met die einddoel om 'n suksesvolle akademie en modelplaas tot stand te bring.

Die fondse vanaf die Kgodiso Development Fund ontvang, is in drie dele verdeel, naamlik 1) skenking, 2) rentevrye lening en 3) 'n lening met 'n rentekoers van prima minus 2%.

Raisins SA het tot dusver ook fondse vanaf die private sektor bekom, wat aansienlik bygedra het tot die aksies uitgevoer vanaf April 2021 tot op hede.



Die huidige gebou waar konstruksie binnekort gaan plaasvind.

TRANSFORMASIE

Die bekendstellingsfunksie van die VAMF het plaasgevind op 19 Mei 2022, by die landbouterrein van HMO, waar die VAMF geormerk is om gebou te word.

Die openingsfunksie was deur ongeveer 200 mense bygewoon, met meneer Christo van der Rhee (uitvoerende direkteur: Agri SA) wie die verrigtinge gelei het. Die waarnemende premier van die Noord-Kaap, mev Fufe Makatong, het die Premier se kantoor se steun tot die projek met 'n toespraak bevestig. Talle produsente, omliggende inwoners, skoolleerders en privaatsektor belanghebbendes het die opening bygewoon en na die tyd skouers geskuur.

Raisins SA is baie opgewonde vir die toekoms van die VAMF, en wil graag ons dank uitspreek teenoor alle borge wat alreeds betrokke geraak het by die bou van hierdie droom.



Mev Fufe Makatong, waarnemende premier van die Noord-Kaap.



Derick Appia-Kubi (PepsiCo), Diale Tilo (Kgodiso Development Fund), Ferdie Botha (Raisins SA), Simone Sell (Raisins SA), Nonie Mokose (Kgodiso Development Fund), MEC Mase Manopole (DALLRD NC), MEC Zolile Monakali (Education NC), Mnr Christo van der Rhee (Agri SA)



Mnr Christo van der Rhee, wie die verrigtinge gelei het.



Borge tot 19 Mei 2022 vir die VAMF



National Agricultural Marketing Council Visits the Raisin Industry

Deur: Simone Sell



Feedback from the Council:

“The NAMC acknowledges the support provided and commitment made by Raisins SA to transform the South African raisins industry. The majority of projects visited belonged to female farmers and this highlights how the industry is promoting the participation of women in the sector. The NAMC thanked Raisins SA for closing the gender gap in the raisins industry, by providing necessary support to female farmers in the raisins industry. Furthermore, thanked the beneficiaries who don’t qualify for funding for their commitment and the role they play in ensuring that there’s employment and food security in the country. The beneficiaries were very pleased and appreciate the support provided to them by Raisins SA.

It has been evident that there is coordinated support on the projects supported by Raisins SA because the DALRRD and PepsiCo together with Kgodiso Development Fund are very much involved in these projects to ensure that beneficiaries are supported with the right resources they need; especially funding for planting, construction of infrastructure and procurement of machinery and production inputs. Moreover, this showcases the commitment by Raisins SA in ensuring that the beneficiaries not only receive support from Raisins SA but are also able to leverage other partnerships that will help them to successfully grow and protect their enterprises. The industry also recently launched the Vine Academy & Model Farm, which will help capacitate more smallholder growers and farmers.” *Transformation Committee NAMC and Department of Agriculture National*

Below is some feedback from the 3 day visit from the NAMC:

Project 2: Adeline Pieterse

The project is located in Pietsmal Southern Island in the Kai Garib municipality, Northern Cape Province. The farm operates on 8.38 hectares of land acquired through one of the farmer's parents. The land is listed as river irrigation land. The soils planted are suitable for vineyard production as well as other crops. The farm is producing merbein grapes and lucerne. The main commodity is raisins. The farmers have been on production full time since 2000.

The project has managed to form beneficial partnerships with Raisins SA in order to receive technical support and mentorships. It also created a partnership with Carpe Diem for the development of a drying facility. The infrastructure of the farm includes a drying facility consisting of dry mats, raisin nets and crates. Its raisins are supplied to Carpe Diem.



Project Visited: L Adams

The project has 6.59 hectares located in Pietsmal Island in the Kai Garib municipality, Northern Cape. The farmer has been on the land since 2001 and purchased and acquired the land from his grandparents in 2011. The project produces merbein, selma pete, sultana, pecan nuts and lucerne. The main commodity is raisins. The project has been supported by the Northern Cape Department of Agriculture in 2019 to plant one (1) hectare of vineyard and also by Raisins SA in 2020 to plant 0.80 hectares of vines. The farm has its own mechanization and a shed with one storage and one barn. The farm delivers the raisins to Red Raisins.

RAISINS SA intervention:

- Raisin mentorship;
- Access to industry experts for technical and production advice;
- Training and information;
- Assistance in order to acquire production loans and funds; and
- Involvement of packers with producers.



Womens Project Industry Tour

Deur: Desiree Adams



MPACT CARTON FACTORY IN EPPING



BOAT RIDE AT HOUT BAY



KELPAK PRODUCTS IN SIMONS TOWN

Raisins SA in collaboration with Orffer & Van der Merwe presented an industry tour during the week of 10 - 15 April.

The tour was attended by various organizations including ladies from Eksteenskuil Agricultural Cooperative, who are part of the women's group of Raisins SA (Women in Agri), Capespan, Karsten Boerdery, Spanheim and Dole.

The tour was done in preparation for the Trade Forward training that was to follow. The first part of the training was logistics and the processes that must be followed. During the tour, tour members could see exactly how logistics work for the export of different products.

The purpose of the visit was to give tour members the opportunity to explore the industry in the Western Cape and to measure and learn for themselves from experiences and successes of producers, service providers and other stakeholders. This broadens the tour members' vision of best practices, new technology and farming methods, as well as the export and import of goods and services which can be used to the benefit of producers' own farming and their industry.

Trade Forward Training

Deur: Simone Sell

Raisins SA was successful in the application for funds from Trade Forward Southern Africa to empower emerging growers, with a big focus on women in the industry.

These funds are used to provide a broad framework covering various topics related to trade. The aim of the project is to provide for a holistic understanding and assessment of the individuals attending the training. Training material has been made available to the people attending the training (optional to also cover this in video format, to be able to use it again for future reference).

Post attendance growers could still access 'course work' to refresh memory. The value added from developing this in a video format will eventually benefit members that did not attend the actual training.



1. Logistics

Raisins SA has taken the opportunity to educate the emerging farmers on the logistics component of exporting. The training was done by Metro Minds and the facilitator was Illona Viljoen. This took place on 4 May 2022 in Keimoes and the topic that was discussed was Logistics. Most of them were aware of how much work and planning goes into exporting products, while some had no idea. The facilitator went through the process of the logistics and everything that needs to be done and be in place before any product can leave the country. One of the most important things is that the seller must always appoint a marketer to do the marketing on their behalf. Another important point to remember was also the type of transport that one must consider when exporting, especially when it comes to cost and how fast the buyer wants the product to be delivered. One needs to take into consideration what is important when you want to export products.





2. Compliance

Raisins SA held another training on 22 and 23 June 2022 and this was the second part of the Trade Forward Training which then forms part of a series of topics that will be covered. This was a follow-up to the previous training that dealt with Logistics.

The topic addressed this time was the Operational Management Systems and Objectives – the training was facilitated by Skyvines and the trainer was Francois Brink. The training was conducted over a period of 2 days. Day one kicked off with a presence of 21 people due to heavy rain – some of the course participants could not make it because roads were very wet and they could not access the roads with their vehicles. Representatives of various farming organizations attended this training, and consisted of members of Eksteenskuil Agricultural Cooperative, Blocuso Estate Farming, Silvermoon Investment, Agricultural students, and Vaalhoek Farming.

Topics covered on this day included the importance of visions, missions, and values in your business. Course attendees really enjoyed participating in the group discussion that was handled throughout sessions and then had to give feedback to the rest of the class. Participation in the session was very informative and the team was able to learn a lot from each other.

Important aspects that were pointed out were to set good goals and to make use of the SMART table which stands for S-Specific, M-Measurable, A- Attainable, R-Relevant and T- Time-bound. Other topics that were also dealt with were risk management and the 3 steps that can be used to identify risk and how to manage it. The importance of compliance has been repeatedly addressed and it is the small things that matter that can control risks. Risk analysis must be reviewed on a regularly basis. One topic that the course participants were very much looking forward to being the discussion of written terms of employment, the type of employment contracts that each employee should have and important information that should be included in the contract. There are also the legal goods that need to be complied with by the employer. Course participants differed slightly from trainer because there is so much different information passed on to them by different departments and the fact that things can differ so much, but the trainer did mention that the course participants are welcome to read these laws to find out for themselves what the facts are.



The next and final Trade Forward training session will be on Introduction to Trade.



Mandela dag, 18 Julie 2022

Deur: Madene Conradie

Llewellyn Adams, voorsitter van Eksteenskuil, het Mandela dag met die volgende woorde geopen:

“

Die bestuur van Eksteenskuil het besluit om Mandela dag te gebruik om ons kantoor op te gradeer deur dit meer aansienlik te maak vir besoekers wat uit die buiteland kom om ons te besoek en om ons beeld vir moontlike befondsing te hernu, want dit is immers ons beeld wat uitgedra word na buite. Ons is baie trots op wat Eksteenskuil al behaal het en wil graag ons nalatenskap vir ons jonger geslag met trots oordra.

”

Dit was 'n voorreg vir Raisins SA om ons 67 minute saam met die Eksteenskuil gemeenskap te spandeer. Ons het die gebou help verf, en na die tyd was ons bederf met lekker roosterkoek-worsrolle. Eksteenskuil is 'n projek wat ons na aan die hart lê, en ons is opgewonde oor wat hulle al bereik het, en wat hulle nog gaan bereik in die toekoms.





Agrihub

Deur: Madene Conradie


Die ou Agrihub platvorm het 30 Maart 2022 verval, en die nuwe skakel word tans gebruik:

<https://census.agrihub.co.za/>

Let daarop dat die nuwe platvorm jou e-pos adres en wagwoord vra, en nie “username” en “password” soos in die verlede nie.

Maak asseblief doodseker dat u inligting op die platvorm 100% reg is, aangesien dit die betroubaarheid van die data wat ons tot ons beskikking het, beïnvloed.

Vir enige navrae in hierdie verband, kontak asseblief vir **Madene Conradie @ 079 862 9752**.





Kalender

Augustus 2022

*Tentatiewe datums wat steeds kan verander

Sunday	Monday	Tuesday	Wednesday	Thursday	Friday	Saturday
31	1	2 Vinpro besoek - Oranjerivier	3 Vinpro besoek - Oranjerivier	4 WVY raad verg. 8:30 Vinpro besoek - Oranjerivier	5	6
7	8 Spesiale Skole vakansiedag	9 Vrouedag	10	11	12	13
14	15 SASEV - Groblersdal	16	17 SASEV - Kakamas	18	19 Raisins SA direksievergadering SASEV - Paarl	20
21	22 SAPO Trust vergadering 8:30 Culdevco vergadering 14:00	23	24	25	26 FFA Direksie 11:00	27
28	29	30	31 Raisins SA simposium & Algemene jaarvergadering (geborg deur Nedbank)	1	2	3



Kalender

September 2022

*Tentatiewe datums wat steeds kan verander

Sunday	Monday	Tuesday	Wednesday	Thursday	Friday	Saturday
28	29	30	31	1	2	3
4	5	6	7	8	9 Horfgro Gala Raisins SA produsente "Touchies" - Uppington	10
11	12	13	14 NAMPO KAAP	15 NAMPO KAAP	16 NAMPO KAAP	17 NAMPO KAAP
18	19	20	21 TCF Direksie	22 RASINS SA GALA	23	24 Erfenisdag
25	26	27	28 Gariep Watch watmonitering	29 Gariep Watch watmonitering	30 Skole Sluit	1



Kalender

Oktober 2022

*Tentatiewe datums wat steeds kan verander

Sunday	Monday	Tuesday	Wednesday	Thursday	Friday	Saturday
25	26	27	28	29	30	1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11 Skole Begin	12	13	14 Raisins SA Industrie toer - Johannesburg	15 Raisins SA Industrie toer - Frankryk Sial voedselskou
16 Raisins SA Industrie toer - Frankryk Sial voedselskou	17 Raisins SA Industrie toer - Turkye Sial voedselskou	18 Raisins SA Industrie toer - Turkye Sial voedselskou	19 Raisins SA Industrie toer - Turkye Sial voedselskou	20 Raisins SA Industrie toer - Griekeland	21 Raisins SA Industrie toer - Griekeland	22 Raisins SA Industrie toer - Griekeland
23 Raisins SA Industrie toer - Griekeland	24 Raisins SA Industrie toer - Johannesburg	25 FFA Direksie Verg. En AGM	26 Raisins SA R&D: mondelinge terugvoering van navorsers in Paarl	27 WVV Tegriese konn. verg. 9:00	28	29
30	31 FNB Landboupraatjie	Notes				



Kantoor Nuus

Die afgelope ruk was daar n paar skuiwe in die kantoor, sien dus onder 'n updateerde foto van die span.



AGTER VLNR: Sonja Steyn (kantoor administrateur), Percy Jooste (graderingsspesialis), Simone Sell (transformasie bestuurder), Ferdie Botha (hoof uitvoerende beampte), Alberto Brandt (junior navorser), Michael Redelinghuys (junior navorser).

VOOR VLNR: Cereline van Wyk (skoonmaakster), Ilse-Mari Grobbelaar (junior landboukundige), Madene Conradie (inligting & kommunikasie bestuurder), Stefan Jordaen (senior agri spesialis), Victoria Ramafoko (junior navorser), Lucian Frederciks (junior navorser).

Ou gesigte, nuwe poste



Ilse-Mari Grobbelaar is permanent aangestel as junior landboukundige, vanaf 1 Mei 2022.



Madene Conradie is aangestel as die inligting & kommunikasie bestuurder, vanaf 1 Mei 2022.



Sonja het 1 Junie 2022 by die span aangesluit.

Graag verwelkom die Raisins SA span vir Sonja Steyn as nuwe kantooradministrateur!



Turkye & Frankryk

Toer 2022

Raisins
South Africa

SLEGS
10
PLEKKE
BESIKKBAAR!

TURKYE & FRANKRYK
Toer

TURKYE ROSYNTJIE PRODUKSIEAREAS
ASOOK SIAL (FRANKRYK) VOEDSELSKOU

14-24 OKTOBER

R77 000* p/p

Ingesluit: Visums, Vlugte, Verblyf & Etes.
Uitgesluit: Sakgeld.

*Pryse is onderhewig aan wisselkoers.

✉ **RSVP VOOR 5 AUG BY MADENE**



Turkye & Frankryk

Toer 2022 - Progam



- **14 OKT22**
vertrek vanaf Johannesburg na Frankryk
- **15, 16 OKT22**
woon SIAL voedselskou by
- **17 OKT22**
vertrek vanaf Frankryk na Turkeye
- **18, 19 OKT22**
besoek verpakkingsaanleg, Netafmin vir besproeiingstegnieke, droogbane ens.
- **20 OKT22**
vertrek vanaf Turkeye na Griekeland
- **21 OKT22**
besoek korente produsent, afsluiting van toer
- **22, 23 OKT22**
"sightseeing" in Griekeland
- **24 OKT22**
keer terug na Johannesburg

**onderhewig aan veranderinge*



*Beraamde kostes: R77 000**

**onderhewig aan wisselkoers veranderinge*



NB - vir kennisname:

- Elke persoon se paspoort moet geldig wees tot ten minste 25 April 2023.
- Elke paspoort moet minstens drie skoon bladsye bevat.
- Reiskoste vir visums is vir elke persoon se eie rekening.
- Reiskostes tot in Johannesburg en terug na Upington is vir elke persoon se eie rekening.
- Covid-19 inentingsertifikaat is verpligtend.



Simposium 2022

Raisins 
South Africa

SIMPOSIUM

Teken die datum aan
31 Augustus 2022

Gesellige braai met vermaak na afloop van die aandverrigtinge.

Tyd: 10:00-17:00 | **Plek:** Country Inn, Upington
Vroueprogram: 10:00-12:00
(vrouens sluit weer 18:00 aan by die aandverrigtinge)

RSVP: Teen 31 Julie vir jou en jou metgesel
Madene Conradie | 079 862 9752 | madenec@raisinsa.co.za

Verblyf beskikbaar by Country Inn teen R885 'n aand (ontbyt ingesluit)

GEBORG DEUR:

NEDBANK

Raisins SA se algemene jaarvergadering sal tydens die simposium plaasvind!



Simposium

2022 - Voorlopige program

GEBORG DEUR:



NEDBANK

09:30-09:55 Arriveer
09:55-10:00 Verwelkoming

Besigheidsuitkyk

10:00-10:25 Ekonomiese uitkyk – Nedbank, Nicky Weimar
10:25-11:25 Algemene jaarvergadering – Raisins SA
11:25-11:35 Vrae & antwoorde
11:35-11:45 Breuk

Bemarking

11:45-12:00 Tastewheel, US, Jana Becker
12:00-12:15 SA Trade Competitiveness, Ernst Idsardi
12:15-12:30 Generic branding, Ferdie Botha, Raisins SA
12:30-12:40 Vrae & antwoorde
12:40-12:50 Breuk

Optimalisering van wingerdpraktyke

12:50-13:00 Kultivar evaluasies – ARC, Dr Daniels
13:00-13:10 Onderstok evaluasies – Provar, Graeme Matthews
13:10-13:15 Vanrhynsdorp ondersteuningsproef, Michael Redelinghuys
13:15-13:25 Virus verdere toetse, Patho Solutions, Prof Gerrit Pietersen
13:25-13:30 Trosgewigte, Lucian Fredericks
13:30-13:45 Clean plant material, Hortgro, Hugh Campbell
13:45-13:55 Residu proewe, Villa, Elandri Jordaan
13:55-14:05 Vrae & antwoorde
14:05-14:15 Breuk



Simposium 2022 - Progam

GEBORG DEUR:



Peste en siektes

- | | |
|-------------|---|
| 14:15-14:20 | Margarodes, ARC, Elleunorah Allsopp |
| 14:20-14:25 | Phylloxera, ARC, Eulleunorah, Allsopp |
| 14:25-14:30 | Vrugtevlieg skade, ARC,
Elleunorah Allsopp |
| 14:30-14:40 | Vrae & antwoorde |
| 14:40-14:50 | Breuk |

Droogpraktyke

- | | |
|-------------|---|
| 14:50-15:10 | Droogbaanproewe, Lucian Fredericks |
| 15:10-15:20 | Droog aan die stok en meganisering,
ARC, Jan Avenant |
| 15:20-15:30 | Vrae & antwoorde |
| 15:30-15:45 | Breuk |

Natuurlike hulpbronne ontwikkeling

- | | |
|-------------|---|
| 15:55-16:05 | GariepWatch, Clean Stream
Environmental Services, Fritz Bekker |
| 16:05-16:10 | Reenskade bepaling, Lucian Fredericks |
| 16:10-16:30 | Langtermyn weervoorsig,
Johan van den Berg |
| 16:30-16:40 | Groei-stand, US, Albert Strever |
| 16:40-16:50 | Vrae & antwoorde |

Breuk vanaf 16:50-18:00.
Aandprogram begin 18:00.



Kontak ons

Groenpuntweg 9, Kantoor 1, Keidebees
054 495 0283
www.raisinsa.co.za

Ferdie Botha

Hoof Uitvoerende Bestuurder

✉ ferdieb@raisinsa.co.za

☎ +27 84 800 6610

Simone Sell

Transformasie Bestuurder

✉ simones@raisinsa.co.za

☎ +27 71 814 2055

Percy Jooste

Voedselveiligheid & kwaliteit

✉ percyj@raisinsa.co.za

☎ +27 82 318 9455

Stefan Jordaan

Agri Spesialis

✉ stefanj@raisinsa.co.za

☎ +27 82 305 1555

Madene Conradie

Inligting en kommunikasie bestuurder

✉ madenec@raisinsa.co.za

☎ +27 79 862 9752